DRAKENSBERGER · DIE WINSBEES · THE PROFIT BREED

# BEES-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

September 2026

Belowe? Op jou woord van eer? Nie vals nie? Sweer? ‘n Belofte is ‘n belofte en word nooit gebreek nie.

Kinderjare se praatjies, party kinders is aangespreek oor die woorde wat gebruik is, ander is kamer toe gestuur. Badkamer toe, gaan wag solank daar vir my!

Klink bekend aan sommige, ander is miskien salig onbewus. Toe het ouers nog geweet wat met kinders aangaan, ook wat in hulle lewens aangaan. Wat sal die motivering wees om te dink in die veranderende wêreld? Die rekenaar weet alles.

Hoekom kry die mens dit nie reg om die perfekte bees te teel nie? Die pad is mos al lank – hoe lank teel die mens beeste wat beter is? Die enkele bees waarmee al die ander vergelyk word, die ‘bloudruk’? Hoe lyk die betrokke bees? Die genetika sal gesog wees, duur, nodig vir vooruitgang, om die beste te wees. Wat verhoed dit? Die mens sal nooit ten volle weet nie, op die beste ten dele, dit staan in die Bybel. Genetika se antwoorde is verskuil in biljoene gene, soos dit geskep is, sonder beheer van mense. Ons kan almal wel aanhou probeer.

Rekords is egter nie soos beloftes nie, hulle word gebreek. Gelukwense aan Carel en Anita Nel met die bul Grasmunt Koning, wat die prestasie behaal het as die duurste DRAKENSBERGER bul wat tot nog toe verkoop is. Welverdiende beloning vir opregte geloof en vertroue in die Drakensberger bees. Welgedaan, geniet dit.

Ek staan windverwaai in ‘n kraal anderkant Kuruman en kyk na beeste waaruit Kobus Poolman en sy seun Henri die Two Hills stoet geregistreer het. Die kind is beter as die ma, die ma beter as die ouma. Visueel is die beskikbare norm, onderliggend broei die genetika, die kern. Ek het deur die jare darem ook iets van beeste geleer, ek het bokant die wind gestaan. Slim nè?

Mooi loop<br>
Johann Fourie


PS. Die Genootskap is volgende jaar 80 jaar oud – prysenswaardig. Die geskiedenis is interessant en leersaam, dit bou aan die ryke tradisie. Hiermee my uitnodiging aan Piet de Villiers wat sy trotse pad geloop het met die Rietkol stoet. Deel dit met ons almal Piet, jy is deel van die gesig van die Drakensberger.



# GRASMUNT KRAAI KONING

*Artikel deur Carel Nel*

*Tydens die veiling van SHDK op 20 Augustus 2026, is 'n nuwe rekordprys van R575 000 vir 'n Drakensberger opgestel. Die bod is deur Johan Wessels gemaak.*
*Die vorige Drakensbergerrekord is 13 jaar gelede behaal met HN090023 vir R345 000 op die Neuman-broers veiling.*



**Grasmunt Koning CL 2067**

Twee dae na sy geboorte het ek en Stephan, my beesteman, hom geweeg en oorkode ingeknip. Met sy wegstap het ek genoem dat hier ‘n klein “koning” van ons af wegstap. Hy het eenvoudig as kalfie ‘n meerderwaardige houdinkie ingeneem. Koppie trots as hy vir jou kyk met toe al ‘n besonderse bouvorm en perfekte beentjies. Sy aangetekende Stoetnaam was Grasmunt Mandaat 2 maar daar was van die begin af ALTYD na hom verwys as Koning. En sy naam was tot onlangs by Stamboek nog Mandaat 2 – tot ‘n medeteler vir my vra wat dan van Koning geword het en toe, met sy voorstel, Mandaat 2 met Koning vervang. Nou weet almal wie Koning is.

Grasmunt Koning is absoluut die resultaat van die beplande saamvoeg van die beste teelmateriaal in my Stoet oor jare heen. Sy Moeder en beide oumas is goue koeie en as mens nog verder terug gaan het die grootoumas TKP’s van 385 dae oor 8 kalwers en 395 dae oor 11 kalwers. En dan het uitstaande Bulle soos CL 0448 Grasmunt Kok2, CL 0602 Grasmunt Bunker 2, CL 0954 Grasmunt Koper, CL 1624 Grasmunt Chappie en HN 0235 deel gevorm van ‘n beplande doelwit om die ideale of perfekte funksionele dier te teel wat volkome omskryf kan word binne die Standaard van voortreflikheid van die Drakensberger ras.

Maar miskien is die heel belangrikste eienskap van hierdie bul die feit dat hy al hierdie goeie eienskappe met sterk erfdwang aan sy nageslag oordra. Sy kalwertjies is so maklik uitkenbaar tussen die ander want hulle dra ‘n spesifieke eenvormige fenotipe. En hierdie eenvorme, en vir my die ideale raamgrootte, word nou in sy derde stel nageslag elke jaar in



my kudde bevestig. Dit is die resultaat waarna ek al die jare gestreef het, en wat ‘n groot voorreg om te weet dat Koning nou ook in ander kuddes ‘n positiewe bydrae kan lewer. My opregte dank aan Johan Wessels wat gesorg het vir hierdie grootste mylpaal in my en die Grasmunt Stoet se bestaan.

Niks van hierdie sou ooit moontlik kon wees sonder die hulp en leiding van my Hemelse Vader nie. Ek beskou myself maar net as die hoof uitvoerende beampte op die stukkie aarde waar ek die voorreg het om te bly en te boer en die diere wat aan my toevertrou is en waarvoor ek rentmeesterskap aanvaar het. Wat ‘n genade voorreg waarvoor ek onuitspreeklik dankbaar is.



*Tussen die koeie*



*Hier was hy in die veld by sy koeie*

*"Ek beskou myself maar net as die hoof uitvoerende beampte op die stukkie aarde waar ek die voorreg het om te bly en te boer en die diere wat aan my toevertrou is en waarvoor ek rentmeesterskap aanvaar het"*



# KORREKTIEWE PARING :
## *Die genetiese waagstuk*

*Hannah Kruger • SA Stamboek*

Korrektiewe paring behels dat ’n dier wat swak is vir ’n eienskap, met een wat uitstekend daarvoor is, gepaar word, met die hoop dat die kalf nader aan die sterk ouer sal wees. Dit werk goed vir eienskappe wat jy direk in die eerste generasie kan sien en waarop jy kan selekteer — soos groei-eienskappe — omdat ’n kalf wat nie verbeter nie, eenvoudig nie vir verdere teling gebruik word nie.

**Maar by melk in vleisbeeste kan korrektiewe paring ’n waagstuk wees wat uiteindelik nadelig kan wees.**

### Waarom melk anders is

’n Bul se gene vir melk word eers sigbaar wanneer sy dogters kalwers het en begin om hulle te speen — dikwels jare nadat hy reeds wyd as ’n teelbul gebruik is.

’n Bul se eie “gemiddelde” melk-teelwaarde beteken nie noodwendig dat albei sy ouers gemiddeld vir melk was nie. Dit kan beteken dat een ouer uitstekend en die ander swak was, en dat die gemiddelde bloot die middelpunt tussen die twee is.

Baie van die navrae wat SA Stamboek ontvang, handel oor bulle wie se Melk EBVi skerp tussen ontledings daal. Dit gebeur byna altyd omdat die vroeë skatting hoofsaaklik op die gemiddelde van die ouers gebaseer was, terwyl die werklikheid eers na vore gekom het toe sy dogters kalwers begin speen het.

### ’n Werklike voorbeeld

’n Sesjarige bul het tydens sy eerste evaluering goed gelyk: 84 gespeende kalwers, ’n sterk Speengewig EBVi van 135, en ’n gemiddelde Melk EBVi van 101.


Daardie gemiddelde was afkomstig van ’n vader met ’n uitstekende Melk EBVi van 142 en ’n moeder met ’n swak 75 — ’n klassieke korrektiewe paring.




*Figuur 1: Hoe korrektiewe paring ’n bul se ware melkpotensiaal kan verberg.*



'n Jaar later, nadat 20 van sy dogters hul eie kalwers gespeen het, het sy Melk EBVi tot 60 gedaal — omdat hy meer van sy moeder met die swakker melkpotensiaal as van sy vader met die sterker melkpotensiaal geërf het.
Die moeder se eie Melk EBVi het selfs verder van 75 na 55 gedaal, wat bevestig het dat sy wel 'n lae genetiese potensiaal vir melk gehad het.
Intussen het sy Speengewig EBVi stabiel gebly, aangesien hierdie eienskap nie geslagsbeperk is nie en reeds deur data van sy eie nageslag ondersteun is.




*Figuur 2: Die bul se Melk EBVi het skerp gedaal nadat data van sy dogters beskikbaar geword het, terwyl Speengewig stabiel gebly het.*

## Hoe identifiseer jy 'n bul wat die produk van korrektiewe paring is?

Gaan albei ouers se Melk EBVi na. As die bul se eie mid-ouerwaarde binne die "gemiddelde" reeks van 90–110 val, maar een ouer is heelwat onder 90, is hy waarskynlik die produk van 'n korrektiewe paring en kan hy maklik die swakker ouer se melkpotensiaal geërf het.
As albei ouers tussen 90 en 110 val, is hy nie die produk van so 'n paring nie.

## Die slotsom

Korrektiewe paring kan werklik help om 'n enkele swakheid in diere reg te stel, en dit is nie altyd 'n probleem nie — sommige kalwers erf wel die beter ouer se gene.
Maar om dit te gebruik om 'n swak ouer vir melk in 'n teelbul te "vereffen", hou 'n hoë risiko in, omdat:

- Bulle baie meer kalwers as koeie verwek, en enige swakheid dus deur 'n groot gedeelte van 'n kudde versprei kan word.
- Melk 'n geslagsbeperkte eienskap is — die waarheid word eers sigbaar wanneer dogters begin om kalwers te speen, dikwels jare en verskeie kalfseisoene later.
- Teen die tyd dat die waarheid bekend is, kan die kudde reeds vol wees van sy dogters, dragtige koeie en kalwers — met genetiese vordering wat tot stilstand gekom het en talle vroulike diere wat nie geskik is vir kuddeverbetering nie.

**Aanbeveling:** Koop of teel slegs vervangingsbulle uit ouers wat albei werklik sterk vir melk is — nie uit 'n bul wie se "gemiddelde" syfer moontlik een swak ouer verberg nie.
As jy bereid is om daardie waagstuk te aanvaar, moet jy ten minste weet wat jy koop.



# Wie doen wat by die Raad?

**President: Johann Fourie**
Verantwoordelik vir die Genootskapstrategie gedurende sy termyn.

**Vise-President: Willie Landman**
Het die vermoë om te enige tyd die taak as president ten volle te hanteer. Tans ook deel van die dagbestuur, wat bestaan uit 4 raadslede wat 5 keer per jaar per vergadering kommunikeer om nodige besluite te neem wat nie noodwendig kan wag tot die volgende raadsvergadering nie.
Die finansiële bestuur word hanteer deur die persoon wat die beste daarvoor is en is nie gekoppel aan die titel nie.
Bemarking word ook deur Willie hanteer, saam met ander raadslede. Weereens word die hantering toegedeel aan die mees kundige en toegewyde pesoon vir 'n spesifieke taak. 'n Taak wat met toewyding en passie hanteer word; ure se beplanning en dinkwerk is nodig.

**Dr Liesel Foster**
As lid van die dagbestuur is daar meer verantwoordelikheid op haar skouers wat besluitneming aanbetref. Sy is ook verantwoordelik vir die hantering van tegniese kwessies en is die skakelpersoon met persone betrokke met navorsing. Die kennis en ervaring met kollegas in die wetenskapsmilieu, is van onskatbare waarde.

**Henk Delport**
Lid van die dagbestuur en die neem van definitiewe besluite, wat die taak van die dagbestuur is. Is betrokke by bemarking deur gereelde vergaderings en idees, planne en die uitvoering daarvan.
Dit is belangrik om 'n kontakpersoon met SA Stamboek te hê; hy onderskei homself op vele terreine. Voorts ook betrokke by alle Genootskapsaksies deur teenwoordigheid en deelname. Is ook betrokke by die bestuur van die finansies.






**JP Theunissen**
Betrokke by die finansiële besluite en die persoon betrokke met die raadskoppeling met die Jongboerledegroep. Sal betrokke wees met die reëlings van Nampo Oesdag 2027, wat 'n groot vertoonvenster vir die ras is. Borge dra baie by tot die finansiële sukses van die Genootskap, die werwing van borgskappe word suksesvol deur hom uitgevoer.

**Udo Beneke**
Verantwoordelik vir die organisasie van die keurdersisteem, wat keurders, keuringstoere, spesiale keurings en praktiese opleiding behels.

**Jean van der Merwe**
Die verloop en vloei van kantoorsake word deur hom behartig en kontroleer.
Hy is ook die primêre persoon wat die nasionale veiling en alle aksies daaraan gekoppel, hanteer. Beplanning van plek van aanbieding, veilingshuis, verblyf, spyskaarte…. Noem maar op, koördinering daarvan. Hy is ook betrokke by die twee weeklikse bemarkingsvergaderings, met die voordeel van die ras ten doel.

**Willie Watermeyer**
Die seleksie van die bul wat die ras gaan verteenwoordig by die prestasieklas kampioenskappe in 2027, is sy verantwoordelikheid. Ook die aanbied van keurders opleiding (junior en senior), vir die jaar 2027. Deel van die besluitneming in sake die diere wat die ras verteenwoordig by Nampo

**Pikkie Uys**
Die seleksie van diere vir die nasionale veiling, wat 'n advertensie vir die ras is, word beskou as baie belangrik. Daar is in die beplanning vir die komende jaar, 'n seminaar beplan met veelvuldige interessante en toepaslike onderwerpe. Hy sal 'n groot rol daarin speel. Ook betrokke by deurgaanse raad en advies van telers/belangstellendes.

*Hierdie is kernidees wat aan onderskeie raadslede toegeken word. In beginsel word van alle raadslede verwag om deurgaans bewus te wees van Drakensbergeraktiwiteite in hulle omgewing en om te alle tye die belange van die ras te beskerm.*





